

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 41

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Wagter, hoe ver is dit in die nag?

Hierdie swaar-dreunende vraag is eeue gelede aan die profeet Jesaja gestel. Dit is gestel in verband met die toekoms van Edom, die nageslag van Esau. Esau is die jong man wat sy eersgeboortereg verkoop het vir 'n pot lensiesop. Daarmee het hy sy hele toekoms en die toekoms van sy nageslag verwoes.

Dink daaraan... die seën van die ewige lewe het hy verkoop... vir die klein bietjie vreugde van 'n potjie sop. Nou vra die nageslag van Esau aan die profeet Jesaja, terwyl hy op sy wagtoring staan: Wagter, hoever is dit in die nag? Wagter, hoever in die nag?

Daar lê iets onuitspreeklik weemoedigs in hierdie vraag. Dit is die vraag van iemand wat weet dat daar vir hom geen toekoms is nie. Is die vraag swaar van weemoed, die antwoord is ewe bedroewend: Die môre kom en ook die nag.

As julle wil vra, vra. Keer terug. Kom. Dit beteken: Wanneer die rooidag breek, sal dit vir die nageslag van Esau nag bly... ewige nag... nag van die dood. As julle weer wil vra, vra dan maar — die antwoord sal dieselfde bly.

Dan volg daar die geheimsinnige uitnodiging: Keer terug. Kom. Dit wil sê: by die volk van God is daar lig.

By die wisseling van die jare is dit 'n baie toepaslike vraag: Wagter, hoever is dit in die nag? Vir die ongelowiges, vir hulle wat hul godsdiens vir 'n bietjie skyngeluk van die tydelike dinge verruil het, bly die nag — ook wanneer die ewige môrestond aanbreek.

Is u een van hulle?

Hier is 'n uitnodiging: Keer terug. Kom. Keer terug na die kerk, u moeder. Kom na God, u Vader.

Kersfees

Die fees van beslissing

Kersfees is 'n mooi fees.

Daar is iets teers en innigs in die lug.

Die hemel buig met Kersfees laag oor die aarde... vreugde in menseharte.

Grootmense word weer soos kinders. Almal kyk met oë waarin die lig van blye verwagting skyn.

Engelesang.

Vrede op aarde...maar Kersfees is ook die fees van beslissing... die fees van die finale, besliste keuse... vir of teen Jesus.

Hy is óf vir ons die enigste Saligmaker, óf Hy is 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling.

Aan Hom het ons die hele lewe te danke; nou en in alle ewigheid, of Hy is vir ons 'n bron van ergernis en bekommernis. Niemand kan op die duur onaangedaan by Jesus verbyleef nie.

Hy eis van ons die warme aanbidding van Thomas: My Here en my God, of die haat en afkeer van die ongelowiges: Kruisig, kruisig Hom! Hy self het verklaar: Wie nie vir My is nie, is teen My!

Ons wens al ons lesers 'n baie Geseënde Kersfees toe. Veel vreugde in Jesus Christus... ewige lewe... ewige saligheid.

Mag ons by hierdie warm handdruk sê: Hierdie innige seënwens kan alleen verwesenlik word, as u waarlik in Jesus Christus glo. Kies vandag! Môre mag vir ewig te laat wees.

Ons gesels 'n paar woordjies

"Ek is eerlik en reguit: Ek sê presies wat ek van die godsdiens, die kerk en die kerkmense dink".

Ons herken hierdie uitlating, nie waar nie? Dit is tog die verweer — of die aanval — wat dikwels opgestel word as ons deur die kerk genader word met die versoek om 'n bietjie te gesels. Dan meen ons dat ons 'n vernietigende grofgeskut oopgetrek het as ons so "eerlik en reguit sê wat ons dink."

"Ek voel dat die godsdiens en die kerk my verstand nie kan bevredig nie, omdat daar van my gevra word om te veel dinge te glo, sonder dat ek dit met my verstand kan rym. Daarom is die godsdiens — en daarmee saam die kerk — vir my onaanvaarbaar. Die onredelike word van my gevra..."

Ten minste twee foute wat hier gemaak word!

Die eerste is: Moenie sê "Ek voel..." nie, want ook die **gevoel** van die mens is deerniswekkend verniel deur die sonde. Daarom kan die gevoel nie suiwer oordeel nie!

Die tweede fout is: Moenie sê "Dis onredelik..." nie. Iets wat ek met my klein ou verstandjie nie kan begryp nie, is tog nie dadelik **onredelik** nie—dis veeleer **bo-redelik!** Kyk, dat God drie-enig is; dat Christus twee nature het; dat u en ek in sonde ontvang en gebore is; dat God na sy vrye welbehag sy kinders uitkies — hierdie waarhede (en al die ander waarhede van die Bybel daarmee) is en bly die waarheid, of ons dit aanvaar of nie. Dit hang nie van ons verstand af nie.

Nou moet dit tog vir my, sondaarmens met 'n beperkte verstand, heerlik wees om **seker** te wees van hierdie groot waarhede. 'n Ou Hollandse digter het eenkeer gesê: "Met begripen gaat het niet aan; grijp het onbegrepen aan..." Al verstaan ek nie, dan kan ek tog nog aanvaar. Dit gebeur met baie dinge om ons: Wie verstaan nou presies HOE WERK 'N RUIMTEVLUG? Waarom dan 'n ander norm stel vir die geestelike waarhede?

Ons moet God vertrou en Hom op sy Woord **neem!**

"En dan die **kerkmense** — van hulle weet ek genoeg! Baie van hulle stuit my teen die bors want hulle is skynheilig." So word die grofgeskut voortgesit. Vriend, u maak alweer ten minste twee foute!

Ten eerste: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie" (Matt. 7:1 en lees asseblief ook die volgende vier verse).

Die tweede fout: Die mense is nie skynheilig nie. Hulle is almal in die grond van die saak **onheilig** (sondaarmense), maar omdat hulle deel het aan die bloed van die Lam, is hulle nou geheilig in Christus! Ons moet die woord "heilig" net nie verkeerd verstaan nie. Dit beteken nie **sondeloos** nie, maar dit beteken dat God-self hulle in en deur Christus **eenkant geplaas** het. Hy het hulle afgesonder en hulle hul **taak** gegee. Nou moet ook hulle "hard stry om in te gaan deur die nou poort" — lees ons in Luk. 13:24.

Ek dink ons is te geneig om by die kerk, die kerkmense en die godsdiens fout te vind net omdat ons vir ons eie goddelose standpunt en lewe 'n soort verdediging moet opbou. Ons moet liewers eers stilbly, sodat die Woord ook iets kan sê, want onthou, God sê (in en deur sy Woord) ook presies wat Hy van ons dink! Onthou: as die Woord spreek, dan is dit Jesus Christus wat praat!

Luister net wat sê Hy: "Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien." (Openb. 3:18).

Jesus toon dat Hy ons deur en deur ken!

Ons is arm. Ons is nakend. Ons is blind — siende blind! Daardie wêreldse skatte — wat ons so hoog ag — is klatergoud! By Hom is die ware geestelike weelde te vind!

Daardie klere — waarop ons so trots is (die vreeslike modebewuste mense wat soms byna kaal loop net om in die mode te wees!) — dit laat die wêreldling letterlik en figuurlik nakend paradeer! Die kleed van sy geregtigheid alleen kan ons waarlik na siel en na liggaam bedek!

Daardie gewaande, diepe insig in alle sake (die groot slimheid van die wêreld wat so min wysheid besit!): dit is 'n droewige toestand van siende blind te wees, want sonder God en sy Woord bestaan daar tog nie ware kennis, ware insig nie. In sy lig alleen is ware lig (Ps. 36:10).

Ek dink, liewe vriend, dat u wat so opstandig, so vyandiggesind is, liewers maar na die kerk toe moet gaan. Dit sal ook goed wees om u hart te gaan uitpraat by 'n gelowige wat ook werklik belangstel in u sieleheil. Die ware godsdiens is nie so verwerplik as wat u dink nie. Die kerk is nie vyand nie, maar moeder van God se kinders. Die kerkmense moet u vriende wees. Die Bybel moet u lig wees!

W. Venter.

Wat is Christus vir u werd?

Vergun my om te praat oor die waarde wat Christus vir u het.

Het u dit al probeer bereken, of glo u dat dit onmoontlik is om dit te probeer vasstel, omdat Hy nie praktiese waarde in die samelewing het nie?

U motor, huis, werk — al dié dinge het wel waarde. U kan dit staaf deur die feit dat u dit as sekuriteit kan aanbied. Die bank sal u daarop 'n lening aanbied. As u egter met die geloof in Christus by die bank aankom, sal u weer met leë hande moet terugstap — dit gee ek u toe. Is dit egter 'n regte ontleding van Christus se waarde?

U vra: hoe anders kan Christus se waarde bepaal word?

Die geval: Judas Iskariot.

Kom ons gaan so byna 2,000 jaar terug na die tyd toe Christus op die aarde geleef het. Saam met Christus het 'n baie bekende persoon vir ons vandag, Judas Iskariot, verkeer. U weet tog van hom; die persoon wat Jesus Christus verrai het; wat Hom aan sy vyande oorgelewer het. Ek weet u twyfel nie aan sy bestaan nie. Matteus 26 beskryf sy optrede baie duidelik. Ook in ander geskrifte, behalwe die Bybel lees ons van hom. Hy was elke dag saam met Christus. Hy **moes** bepaal wat Christus vir hom werd was, want hy het sy werk laat staan om Christus te volg. Hy het egter een groot fout begaan.

Ek wonder... of u dit nie dalk ook begaan nie...

Hy het Christus se waarde totaal verkeerd bepaal. Hy wou ook Christus se waarde bepaal soos 'n mens jou besitting takseer. Toe die mense Christus so toestroom, het hy gereken dat Christus 'n groot aardse ryk gaan stig. Daarin sal hy, Judas, 'n vername posisie beklee — so iets soos Minister van Finansies. Hy het geoordeel dat Christus vir hom groot stoflike waarde gaan hê. Hy sal vir hom 'n goeie betrekking verseker.

Met die verloop van tyd het dié ideaal egter soos 'n kaartehuis inmekaar getuimel. Byna almal het Christus weer verlaat. Die waarde van Christus het geweldig gedaal — in so 'n mate dat hy uiteindelik gewillig was om sy verhouding met Christus teen die laagste prys van die hand te sit — die prys van 'n slaaf van daardie dae: 30 silwerstukke... Dit was Christus uiteindelik vir hom werd.

En u?

Miskien is Hy vir u van nog minder waarde, want u kan dit nie eens vir Hom kry nie. U sê: nêrens is iemand wat 'n sent vir Christus aanbied nie. U is nie 'n uitsondering nie. Hier om my heen is baie mense wat die verhouding met Christus sommer kosteloos prysgee. Hulle bedank die kerk een na die ander en sluit by groepe aan wat vir hulle meer waarde het.

Weet u waarom het Christus vir Judas en ander so min waarde? Omdat sy waarde totaal verkeerd bereken word. Jesus stel sy waarde met die volgende woorde, soos dit staan in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe."

Christus se waarde lê op 'n ander vlak. Hy bied die lewe aan die wat moet sterwe. Die lewe? Ja, die EWIGE lewe. Waar sal 'n mens dan lewe? Weer hier op die aarde. Deur Christus word die wêreld verander en die mense wat in Hom glo, verander ook en hulle leef ewiglik hier saam. **Daarin lê sy waarde.**

Wil u meer daarvan te wete kom? Gaan soek u kerk op; gaan gesels met 'n predikant hieroor.

Anders: neem die telefoongids en slaan die **Gereformeerde Kerk** na; skakel enige predikant se nommer en hy sal met graagte hieroor met u gesels.

M. Venter.

TWEE REKENINGE

'n Jong man was al moeg om voortdurend sy moeder te help. Een oggend laat hy by haar ontbytbord 'n rekening:

<i>Boodskappe afgelewer, 4 @ 10 sent elk</i>	<i>0.40</i>
<i>Kole geskep</i>	<i>0.20</i>
<i>Deur heergemaak</i>	<i>0.65</i>
<i>Wasgoedlyn gespan.....</i>	<i>0.70</i>
<i>Tuin natgelei</i>	<i>0.70</i>
<i>Diverse</i>	<i>0.10</i>

Totaal vir verleende dienste:..... R2.35

Die moeder het dit gelees en swyend toegevou. Die seun het sy geld ontvang. Die volgende oggend het ook op sy bord 'n papier gelê. Op sy beurt het hy swyend die volgende gelees:

<i>9 Maande swangerskap met veel ongemak..</i>	<i>Gratis</i>
<i>Bevalling op die rand van die dood</i>	<i>Gratis</i>
<i>Vele weke sukkel na bevalling.....</i>	<i>Gratis</i>
<i>2 Jaar doeke gewas.....</i>	<i>Gratis</i>
<i>8 Nagte lank gewaak tydens kinkhoes</i>	<i>Gratis</i>
<i>Sorge en angs gedurende 16 jaar</i>	<i>Gratis</i>
<i>Was en stryk.....</i>	<i>gratis</i>
<i>Kouse gestop en diverse.....</i>	<i>Gratis</i>
<i>Maaltye voorberei.....</i>	<i>Gratis</i>
<i>Liefde en versorging</i>	<i>Gratis</i>

Totaal vir dienstegelewer vir 16 Jaar: Gratis

(Geneem uit: De Open Deur).

ONS SIEN NET ALTYD DIE DIAKEN

Dit is jare gelede. Ek was nog jonk en voortvarend. Ek het op die stoep gesit en koerant lees dié Sondagoggend. Die kerk was net so skuins voor ons huis... seker nie verder as 150 meter nie. Die mense het verbygestap en motors het tot hier voor my parkeer. 'n Ouderling en sy vrou het verby gekom, vriendelik gegroet en gesê: "Toe, Jan, kom jy dan nie kerk toe nie!" Ek het my bloedig vererg en hom geantwoord: "Wat moet ek daar gaan maak? Wie van hulle kom my ooit opsoek? Al wat ek sien is net die diaken as hy geld vra."

Die volgende dag het oom Pieter by my kantoor ingekom oor 'n saak wat hy wou bespreek en het so terloops gesê: "Maar Jan, vandat jou pa dood is, sien ek jou mos nooit meer kerk toe kom nie." Dadelik was my antwoord: "Wat het ek met die kerk te doen? Hulle ken my net as hul geld wil hê. Ek sien altyd net die diaken."

Toe het dit gebeur. Ek het in ernstige finansiële moeilikheid beland. Bankrotskap het my in die oë gestaar. My senuwees was later tot die uiterste gespan. Die balju was kort-kort by die deur, dagvaardings is ontvang. Onbetaalde rekenings het opgehoop en toe kom die diaken weer aanklop. Ek het die deur oopgemaak, hom 'n vuil kyk gegee, die deur in sy gesig toegeslaan en terwyl ek wegstap, hoor ek Annie uit die sitkamer sê: "Ja, ons sien ook altyd net die diaken!"

Toe die juffrou by die skool vir die kinders vra of hulle kerk toe gaan, het klein Tjaart ewe pront gesê: "Nee, juffrou my pa sê al wat ons van die kerk sien, is net die diaken."

Ons het nog so met ons probleme geworstel, toe 'n motor Tjaart raak ry op pad van die skool af. Nou was ons behoorlik in die moeilikheid. Die mediese koste was hoog, en daar was geen geld nie. Ons ouderling het ons kom opsoek, dominee het 'n gebed kom doen. Oom Pieter het by die kantoor aangekom en 'n handdruk gegee. Die diaken in wie se gesig ek die deur toegeslaan het, het later weer gekom en gevra of ons nie uit die armkas gehelp kan word nie. Ek het weer begin dink aan oorlede pa wie se plek nooit leeg was in die kerk nie, wat gereeld sy huisgodsdienis gehou het en ook sy godsdienis uitgeleef het op alle lewensterreine.

Nou het ek eers besef dat die fout by myself lê. Hoekom ken dié mense my almal? Waarom stel hul in my belang? Omdat ek een van hulle is. Dis ek wat my van hulle onttrek het. Dis tog nie waar dat ons net die diaken gesien het nie. Die predikant en die ouderling het ook kom huisbesoek doen. Dis ek wat nooit kerk toe gegaan het nie.

Ons het weer begin om die kerk te besoek. Tjaart is na 6 maande uit die hospitaal ontslaan — volkome herstel. My geldsake het reggekome... danksy die steun van die diakonie. Ek stel al jare lank elke maand 'n begroting op. Die eerste waarvoor begroot word, is my bydrae vir die kerk.

L.

EK HET AL AAN SELFMOORD GEDINK

Jy sê jy het al aan selfmoord gedink.

Watter vorm van selfmoord jy oorweeg het, sal ons daar laat. Daar is seker baie maniere waarop 'n mens van hierdie lewe ontslae kan raak, maar waarin ek intens belangstel — en ek wil jou vra om openhartig met my daaroor te praat — is die vraag waarom jy selfs aan selfmoord gedink het?

Is dit omdat jy lewensat en ten dode toe gefrustreerd is? Is dit omdat jy, diep-vereensaam, die gemeenskap van jou medemens ontbeer. Is dit 'n brandende huweliksprobleem, knaende gewetenskapwelling of slepende siekte? Kortom: is dit omdat jy diep ellendig is... omdat jou lewe 'n hel op aarde geword het?

Ek aanvaar wat jy vir my sê. Ek glo jou werklik as jy sê dat jy ellendig is, want sien: die ellende in die wêreld is die gevolg van die vloek van God oor die sonde wat Adam en Eva in die Paradys begaan het. Lees asseblief Genesis 3, want daar sal jy vind dat die vloek van God oor die sonde die wortel van alle ellende is, van **jou** ellende in besonder, omdat jy ook deel in die sondeval van Adam en Eva.

Behalwe vir die feit dat jy 'n afstammeling van Adam en Eva is, vra ek jou om jou hand in eie boesem te steek en jou af te vra **in watter mate jy verantwoordelik is vir hierdie ellende waarin jy verkeer**. Is dit nie omdat jy jou oorgegee het aan die duiwel, die verlokkinge van die wêreld of die verleidinge van die vlees nie? Is dit nie omdat jy God in jou lewe vergeet het nie? Nou ja, dan is hierdie ellende van jou die dringende roepstem — nie om jou hand aan eie lewe te slaan nie — maar om jou te bekeer, om weer die gemeenskap met die Here te soek in die lees van die Bybel, in die besoek van die Kerk en in die gebed!

My vriend, as jy tog maar net tot die ontdekking kan kom dat **jyself** verantwoordelik is vir die diepte van jou ellende, dan is jy so na aan die oplossing van jou moeilikhede. Jy vra wat is die oplossing?

Sekerlik nie om selfmoord te pleeg nie. Daar is al baie geredeneer of selfmoord 'n daad van lafhartigheid of heldemoed is. Op grond van Gods Woord stel ek aan jou dat dit 'n daad van lafhartigheid en sonde is. Niemand het die reg om eiemagtig die hand aan sy lewe te slaan nie.

Terloops, dink jy miskien selfmoord is 'n oplossing vir jou probleme? Dit mag miskien 'n oplossing wees vir jou aardse probleme, maar met betrekking tot jou onsterflike siel is dit geen oplossing nie. Die sprong van 'n selfmoordenaar is nie die sprong in die vergetelheid van die dood nie, maar 'n sprong tot voor die troon van God voor Wie jy rekenskap sal moet gee.

Nee, my vriend, selfmoord is nie 'n oplossing nie. Die enigste oplossing is om jou toevlug te neem tot Jesus Christus wat sy lewe in die dood aan die kruis opgeoffer het om jou met God te versoen; Wat jou ellende aan die kruishout gedra het.

Bely jou sondes en dra tegelyk jou brandende laste aan die Here op in 'n vurige gebed... en jy sal vrede vind vir jou gemoed. Lees die Bybel waarin die Here jou die oplossing sal skenk in die woorde: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Mattheus 11:28). Besoek die Kerk getrou waar die Heilige Gees die genade aan jou sal skenk om berusting te verkry. Dan sal jy ondervind dat jou lewe nie 'n hel is nie, omdat Christus die hel aan die kruis vir jou gedra het.

Ek wil afsluit met hierdie waarskuwing. As jy Jesus Christus deur die geloof gevind het, beteken dit nie dat jou pad in die toekoms net met rose besaai sal wees nie. Nee, jy sal nog jou kruis moet dra, maar nou sal jy dit geduldig en berustend kan dra omdat jy weet dat God jou deur die lyde vorm vir die ewigheid. (Lees asseblief 2 Korinthiërs 4:16-18)

Ek vra jou, my vriend, in die Naam van ons Here Jesus Christus: Moenie weer aan selfmoord dink nie.

C. J. Malan

Ek gaan nie kerk toe nie

Omdat:

1. ek as kind te veel moes kerk toe gaan;
2. niemand by die kerk met my kom praat nie;
3. ek altyd geld moet saamneem;
4. die predikant my nooit kom besoek nie;
5. die kerkgangers nie lewe volgens die voorbeeld wat Christus gestel het nie.

As u wil weet hoe dwaas hierdie argumente is, moet u die woord **kerk** net met **bioskoop** vervang en die nodige verdere wysigings aanbring. Dan word dit 'n kostelike ontmaskering van die leuen. Nou lees dit soos volg:

Ek gaan nie bioskoop toe nie

Omdat:

1. ek as kind te veel moes bioskoop toe gaan;
2. niemand by die bioskoop met my kom praat nie;
3. ek elke keer geld moet saamneem bioskoop toe;
4. die bestuurder van die bioskoop my nooit kom besoek nie;
5. die bioskoopgangers nie lewe volgens die voorbeeld wat die filmsterre stel nie.

Sou u om hierdie redes nie bioskoop toe gaan nie? Waarom bly u dan om hierdie redes van die kerk af weg?

Moenie sê: ek het nie geweet nie

Natuurlik ken almal van ons nie Latyn nie.

Amo, amas, amat, meester vat die lat...

So het ons die taal van die Romeine op skool geleer, maar nie almal van ons nie.

Miskien het u ook nie Latyn geleer nie.

Daarom wil ek graag vir u hierdie een Latynse sinnetjie duidelik maak:

Quo vadis?

Dit beteken: Waarheen gaan jy?

So ja, nou kan u nie meer sê: ek het nie geweet nie.

Quo vadis?

Waarheen gaan u, vriend wat hierdie eenvoudige woorde lees?

Waarheen gaan u wanneer u eenmaal u oë in die doodslaap sluit? Moenie sê: Ek het nie geweet nie.

Die antwoord is: Almal wat waarlik in Jesus Christus glo, het die ewige lewe. Hulle gaan dadelik, na hul dood na Jesus Christus. Die ander gaan onherroeplik na die **hel. Waarheen gaan u?**

As u graag met iemand hieroor wil gesels, skakel gerus u naaste Gereformeerde predikant. Hy sal u graag help. Sy adres kan u in die Telefoongids vind.

Moenie sê: Ek het nie geweet nie.